Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 20 FEBRUARIE 2019 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:
Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Wnd Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr A M Zaayman
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl O M Stemele open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 23 JANUARIE 2019

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 23 Januarie 2019 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2019
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 13 FEBRUARIE 2019

5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die vervanging van paragraaf drie in die aanhef –

Met betrekking tot beurtkrag wat weereens deur Eskom ingestel is, noem die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat beurtkrag sal voortduur totdat die brandstofvlakke van Eskom se nooddieseltoerusting en hidroskema gehandhaaf kan word, maar dat enige ander insident ook kan bydra tot die implementering van beurtkrag.

5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

BESLUIT dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 23 JANUARIE 2019

6.1.1 AFSKRYWING VAN ONINBARE SKULD JANUARIE 2019 - BEDRAG WERKLIK AFGESKRYF (5/7/3)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat alle aksies afgehandel is en dat die verslag ten doel het om die werklike bedrag vir afskrywing ten opsigte van deernishuishoudings en uitstaande debiteure deur te gee.

Die Direkteur: Finansiële Dienste bevestig dat daar tydens die sosio-ekonomiese ondersoeke spesifiek gefokus is op deernishuishoudings in die Eskom-verspreidingsareas wat 'n hoë waterverbruik het. Die ondersoeke sal voortgesit word by huishoudings wat nie gedurende die proses bereik kon word nie.

Daar is tydens die ondersoeke bevind dat die meeste hoë waterverbruike toegeskryf kan word aan waterlekkasies wat intussen reggemaak is.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die bedrae wat werklik afgeskryf is ten opsigte van deernishuishoudings R1 205 536.56 beloop en ten opsigte van ander oninvorderbare skulde R165 835.20 beloop;

(b) Dat kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om enige bedrag wat afgeskryf is, weer terug te skryf na die betrokke debiteur en alle nodige stappe geneem sal word om die skuld in te vorder, indien dit vanaf datum van hierdie goedkeuring aan die lig kom dat –

(i)/…

6.1.1(b)

(i) 'n huishouding nie aan die deerniskriteria voldoen het nie (soos bepaal in Hoofstuk 7 van die Deernisbeleid); of

(ii) 'n gedeelte van die skuld of die totale skuld van 'n debiteur nie korrek sou wees nie; of

(iii) enige inligting wat op datum van afskrywing nie aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee bekend was, wat daartoe sou lei dat die komitee die voorgelegde skuld nie vir afskrywing sou oorweeg nie;

(c) Dat kennis geneem word dat indien 'n eiendom op welke wyse ookal vervreem sou word, Swartland Munisipaliteit die reg voorbehou om uitklaring op die betrokke eiendom te weerhou en die bedrae afgeskryf eers in te vorder, alvorens uitklaring op die betrokke eiendom gegee sal word. 'n Register is by die Eiendoms-belastingafdeling ingestel waarin gekontroleer word of daar ten opsigte van die betrokke uitklaring vir die voorafgaande twee jaar voor uitklaring, enige afskrywing was en dat indien wel, die afgeskryfde bedrag met die uitklaring verhaal word.

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2018/2019 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/4)

Sedert die goedkeuring van die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in Junie 2018 het daar verskeie wysigings plaasgevind wat genoodsaak is deur die aanvaarding van die oorrol-begroting in Augustus 2018, die spesiale aansuiweringsbegroting in Desember 2018 en die aansuiweringsbegroting in Januarie 2019.

Die gewysigde SDBIP is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2018/2019 finansiële jaar in terme van Artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

7.2 UITSTAANDE DEBITEURE: JANUARIE 2019 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Na aanleiding van die mededeling deur die Direkteur: Finansiële Dienste aangaande probleme wat met voorafbetaaltipe elektrisiteitsmeters ervaar word, noem die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste dat 'n proses van stapel gestuur sal word om alle voorafbetaaltipe elektrisiteitsmeters met nuwe tegnologie te vervang, aangesien voorafbetaaltipe elektrisiteitsmeters teen 2024 nie meer funksioneel sal wees nie.

BESLUIT dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Januarie 2019.

7.3 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die aantal vandalisme- en diefstalsake waaruit eise voortspruit is kommerwekkend en daar sal na innoverende wyses gekyk moet word om die bates van die Munisipaliteit te beskerm. Die opsit van kameras word as 'n moontlikheid genoem, aangesien dit nie lonend is om sekuriteitspersoneel aan te stel nie.

7.3/...

Die Munisipale Bestuurder noem dat die ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) gebrekkig is, aangesien SAPD-beamptes ook grotendeels toegegooi word onder administratiewe take, bv. die verpligtinge as kommissarisse van ede. Daar sal by Minister Winde aangeklop moet word om administratiewe personeel vir hierdie take beskikbaar te stel, en die SAPD-beamptes vir polisiëring.

'n Gesamentlike poging deur alle sektore sal aangewend moet word om klein misdade (petty crime) stop te sit.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Januarie 2019 soos met die sakelys gesirkuleer.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER